Geloof aan die bestaan van een God

Geloof aan die bestaan van een God – Francois Malan

Vraag:

Leoni vra:

Ek vra asb hulp met die antwoord van een vraag en dalk kan u my verwys waar ek sulke antwoorde kan opspoor Ek het al die netwerk deursoek maar kry niks. Die vraag is: Geloof aan die bestaan van een God, wat Skepper en Bestuurder van die heelal is.

Antwoord:

Prof Francois Malan antwoord:

In 1 Korintiërs 8:4-6 sê Paulus: 'ons weet…en dat daar ook geen God is nie, behalwe Een. En al is daar ook sogenaamde gode, of dit in die hemel en of dit op die aarde is, soos daar trouens baie is wat "God" en baie is wat "Here" genoem word, is daar nogtans vir ons net een God: die Vader, uit wie alles is en vir wie ons lewe; en net een Here Jesus Christus, deur wie alles bestaan en deur wie ons lewe.'

Een God die Vader (soos Jesus sý Vader aan ons bekend gemaak het; deur geloof in Christus kry ons deel aan Jesus se kindskap en word so self kinders van God) is die bron en bestemming van alle dinge, ons wat in Christus glo as ons verlosser, is daarby ingesluit. Om Hom te dien en te gehoorsaam is die sin en doel van ons lewe.

Vergelyk ook Efesiërs 4:4,5,6 '…en net één Gees (wat die een liggaam van Christus, sy kerk, met hoop op die ewige lewe vervul)… Daar is net één Here (aan wie ons verbind is deur in Hom te glo en in Hom gedoop te wees)…één God en Vader van alles/almal: Hy wat oor almal is (wat oor sy hele skepping waak, hulle versorg en daaroor heers), deur alles en almal werk (as sy instrumente deur wie Hy in die wêreld werk om alles in die skepping in Christus te verenig; Ef.1:10), en in alles en almal is (deur sy Gees gee Hy lewe aan elke ding en mens; vgl. Ps.104:29-30; Hand.17:28).' Van dié eenheid is die kerk die voorloper-instansie (vgl. 1 Kor.15:28).

Een Here (in die Ou Testament word God die Here genoem. In die Nuwe Testament word die titel Here veral vir sy Seun gebruik om Hom aan te dui as die een wat oor die skepping en die kerk regeer, vgl. Efesiërs 1:22-23), Jesus Christus, die goddelike middelaar deur wie God alles geskep het en deur wie Hy ons verlos tot 'n nuwe lewe, ewig met God (vgl. ook 1 Tim 2:5 se een God en een Middelaar).

Skrywer: Prof Francois Malan